

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

UITGAWE OP GESAG

WINDHOEK

PUBLISHED BY AUTHORITY

30c

Maandag 8 Maart 1982

Monday 8 March 1982

No. 4602

INHOUD:

Bladsy

No. AG. 30 Goedkeuring van reëls uitgevaardig kragtens die wet op Chiropraktisyns, 1971

1

CONTENTS:

Page

No. AG. 30 Approval of rules made in terms of the Chiropractors Act, 1971

1

Goewermentskennisgewing

Government Notice

KANTOOR VAN DIE

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED
SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN NASIONALE
GESONDHEID EN WELSYN

No. AG. 30 1982

GOEDKEURING VAN REËLS UITGE-
VAARDIG KRAGTENS DIE WET OP
CHIROPRAKTISYNS, 1971

Die Ministersraad het kragtens artikel 2A(3) van die Wet op Chiropraktisyns, 1971 (Wet 76 van 1971), die reëls in die Bylae vervat, wat deur die "Chiropractic Association of South Africa" uitgevaardig is, goedgekeur.

BYLAE

Reëls uitgevaardig deur die "Chiropractic Association of South Africa" kragtens artikel 2A(1) van die Wet op Chiropraktisyns, 1971.

OFFICE OF THE

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF
SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF NATIONAL HEALTH
AND WELFARE

No. AG. 30 1982

APPROVAL OF RULES MADE IN TERMS
OF THE CHIROPRACTORS ACT, 1971

The Council of Ministers has, in terms of section 2A(3) of the Chiropractors Act, 1971 (Act 76 of 1971), approved the rules made by the Chiropractic Association of South Africa as set out in the Schedule.

SCHEDULE

Rules made by the Chiropractic Association of South Africa in terms of section 2A(1) of the Chiropractors Act, 1971

Woordomskrywings

1. Tensy uit die samehang anders blyk beteken in hierdie Bylae -

- (i) "aangewese beampte" die beampte in die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene wat deur die Minister van Gesondheid, Welsyn en Pensioene ooreenkomstig artikel 2 van die Wet aangewys is; (vi)
- (ii) "chiropraktisyn" 'n persoon wie se naam op die lys verskyn; (iv)
- (iii) "Departement" die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene; (v)
- (iv) "geneesheer" 'n geneesheer soos in die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoep, 1974 (Wet 56 van 1974), omskryf; (viii)
- (v) "lys" die lys in die Wet genoem; (vii)
- (vi) " 'n noodgeval" 'n geval wat die die chiropraktisyn op die betrokke tydstep opreg glo 'n noodgeval is ongeag of dit later so blyk te wees of nie; (ii)
- (vii) "Vereniging" die Chiropractic Association of South Africa; (iii)
- (viii) "Wet" die Wet op Chiropraktisyns, 1971 (Wet 76 van 1971), soos gewysig, (i)

Strafbepalings

2. 'n Chiropraktisyn wat die volgende reëls oortree of nie daaraan voldoen nie, is skuldig aan 'n misdryf en stel hom bloot aan —

- (a) 'n boete van hoogstens R50 by 'n eerste skuldigbevinding; en
- (b) 'n boete van hoogstens R100 by 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding.

Gedrag teenoor die publiek

3. 'n Chiropraktisyn mag —

- (a) nie gedurende die ondersoek of behandeling van 'n pasiënt enige handeling wat immoreel is, verrig nie;
- (b) hom nie op 'n manier gedra wat nie by sy beroep pas of sy beroep in 'n ongunstige lig plaas nie;

Definitions

1. In this Schedule, unless the context indicates otherwise -

- (i) "Act means the Chiropractors Act, 1971 (Act 76 of 1971), as amended; (viii)
- (ii) "An emergency" means a case which the chiropractor genuinely believes at the time to be an emergency, whether or not this later proves to be so; (vi)
- (iii) "Association" means the Chiropractic Association of South Africa; (vii)
- (iv) "chiropractor" means a person whose name appears on the list; (ii)
- (v) "Department" means the Department of Health, Welfare and Pensions; (iii)
- (vi) "designated officer" means the officer in the Department of Health, Welfare and Pensions designated by the Ministers of Health, Welfare and Pensions in terms of section 2 of the Act; (i)
- (vii) "list" means the list referred to in the Act; (v)
- (viii) "Medical practitioner" means a medical practitioner as defined in the medical Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974). (iv)

Penalties

2. A chiropractor who contravenes or fails to comply with the following rules shall be guilty of an offence and liable -

- (a) on a first conviction, to a fine not exceeding R50; and
- (b) on a second or subsequent conviction, to a fine not exceeding R100.

Conduct towards the public

3. A chiropractor shall not -

- (a) during the examination or treatment of a patient, perform any act which is immoral;
- (b) conduct himself in a manner not befitting his profession or which reflects unfavourably on his profession;

(c) nie 'n pasiënt wie se gesondheid agteruitgaan, vir 'n onbepaalde tyd behandel sonder om by die pasiënt (of iemand wat behoorlik vir so 'n pasiënt optree) aan te beveel dat hy 'n geneesheer raadpleeg nie;

(d) geen professionele handeling waarvoor hy onvoldoende opleiding en/of ongenoegsame ondervinding besit, uitvoer nie, behalwe as dit 'n noodgeval is;

(e) nie kennis van 'n pasiënt se geval, hetsy vir sy eie of iemand anders se geldelike gewin, verdraai, wanvoorstel of misbruik nie;

(f) nie 'n pasiënt (of iemand wat behoorlik vir so 'n pasiënt optree) wat begerig is om die opinie van of behandeling deur 'n praktisyn geregistreer by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad of die Departement te verkry, verhinder of probeer verhinder om dit te doen nie;

(g) nie professionele handelinge ten opsigte van pasiënte onder onbehoorlike toestande verrig nie, uitgesonderd in 'n noodgeval;

(h) nie 'n professionele handeling op nalatige wyse ten opsigte van 'n pasiënt verrig nie;

(i) nie terwyl hy onder die invloed van of aangetas is deur sterk drank of dwelmmiddels van watter aard ook al of terwyl hy daarvan bewus is dat hy aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly, 'n pasiënt behandel nie.

Advertering

4. (1) Behoudens die bepalings van subreël (2) mag 'n chiropraktisyn nie sy praktyk adverteer nie. Die volgende word as adverteering beskou:

(a) Adverteering in enige vorm hoegenaamd, hetsy in die pers, by wyse van betaalde advertensie of onderhoud, deur middel van die radio of televisie, biljette of plakkate of enige ander middel, insluitende die gebruik van vet letters in gidse, of deur 'n geldelike belang te hê, hetsy in die vorm van 'n vaste salaris of andersins, in siektebystandsklubs of -verenigings wat in die lekepers of by wyse van omsendbriewe of kaartjies of op enige ander wyse adverteer om lede of pasiënte te verkry;

(b) die lewering van 'n toespraak of lesing oor 'n professionele onderwerp wat gewoonweg by 'n kollege vir chiropraktyk gedoseer word, met die doel om 'n studente- of lekebyeenkoms in die voormelde onderwerp te onderrig: Met dien

(c) attend indefinitely a patient whose state of health is deteriorating, without recommending to the patient (or a person properly acting for such patient) that he consult a medical practitioner;

(d) except in an emergency, perform professional acts for the performance of which he is inadequately trained and/or insufficiently experienced;

(e) distort, misrepresent or misuse knowledge of a patient's case for monetary gain, either for himself or for someone else;

(f) prevent or attempt to prevent a patient (or a person properly acting for such patient) who wishes to seek the opinion of or treatment by a practitioner registered with the South African Medical and Dental Council or the Department from so doing;

(g) perform professional acts on patients under improper conditions, except in an emergency;

(h) perform on a patient a professional act in a negligent manner;

(i) attend a patient while under the influence of or while affected by alcohol or drugs of any nature, or while knowingly suffering from an infectious or contagious disease.

Advertising

4. (1) Subject to the provisions of subrule (2), a chiropractor shall not advertise his practise. The following shall be regarded as advertising:

(a) Advertising in any form whatsoever, whether in the press, by means of any paid advertisement or interview, through the medium of the radio or television, by hand bill or poster or by any other means, including the use of bold type in directories, or having a financial interest, whether in the form of a fixed salary or otherwise, in sick benefit clubs or associations which advertise for members or patients in the lay press, or by circular, or card, or in any other manner.

(b) Delivering an address or lecture on a professional subject normally taught at a chiropractic college with the object of tutoring a student or lay assembly in the aforementioned subject: Provided that this rule shall not apply to any

verstande dat hierdie reël nie van toepassing is nie op enige lesing of toespraak oor 'n professionele onderwerp wat met die skriftelike goedkeuring van die Uitvoerende Raad van die Vereniging gelewer is;

(c) druk op koeverte wat in sy praktyk gebruik word van enige ander inligting as sy naam en die woorde "Ingeskrewe Chiropraktisyn" en 'n adres vir terugsending ingeval dit nie afgelewer is nie;

(d) die gebruik van enige metode om sy woonplek of spreekkamers aan te dui, uitgesonderd een naamplaat nie groter as 350 mm x 250 mm nie, sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die Uitvoerende Raad van die Vereniging. Die naamplaat moet die naam van die chiropraktisyn en die woorde "Ingeskrewe Chiropraktisyn" ophê. In die geval waar daar na 'n nuwe perseel getrek word, mag die naam en die nuwe adres van die chiropraktisyn vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande op redelike sigbare wyse vertoon bly. Professionele naamplate word nie op 'n plek toegelaat nie, tensy 'n chiropraktisyn werklik daar woon of praktiseer;

(e) die gebruik van die naamplaat van 'n afgetrede vennoot of voorganger vir 'n tydperk langer as 12 maande. (Na 12 maande kan die woorde "opvolger van" vir 'n tydperk van hoogstens 24 maande gebruik word.)

(2) Die volgende word nie as advertering beskou nie:

(a) Die versending van 'n kennisgewing dat daar met 'n praktyk begin is, aan persone wat by die Departement of die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad geregistreer is, mits elke mededeling die naam van die praktisyn aan wie dit gerig word, bevat en in 'n koevert versend word;

(b) mededelings van adresverandering, ontbinding van vennootskap en iets dergliks aan bona fide-pasiënte, mits elke mededeling die naam van die pasiënt aan wie die gerig word, bevat en in 'n koevert versend word;

(c) die publikasie in die amptelike telefoongids, in gewone druk, van die chiropraktisyn se naam en beroep en dié van sy vennoot, sy huis- en spreekkameradres en een of meer telefoonnummers en spesiale telefoonnummers ingeval geen antwoord by die gewone telefoonnummers gekry kan word nie;

(d) toelating van die publikasie, onder sy naam en professionele kwalifikasies, van artikels in vaktydskrifte, wetenskaplike referate en boeke vir gebruik deur die beroepe en deur studente;

lecture or address on a professional subject given with the sanction in writing of the Executive Council of the Association.

(c) Printing on envelopes used in his practice any information other than his name, the words "Enrolled Chiropractor" and a return address in case of non-delivery.

(d) Using any means of indicating his place of residence or consulting rooms other than one nameplate, which shall not exceed 350 x 250 mm in size, without the prior sanction in writing of the Executive Council of the Association. The nameplate shall incorporate the chiropractor's name and the words "Enrolled Chiropractor". Where the chiropractor moves to new premises, his name and new address may remain in reasonable evidence for a period not exceeding 12 months. Professional nameplates are not allowed at any place unless a chiropractor actually resides or practices at such place.

(e) Using the nameplate of a retired partner or predecessor for a period exceeding 12 months. (After 12 months, the term "successor to" may be used for a period not exceeding 24 months.)

(2) The following shall not be regarded as advertising:

(a) Sending a notification of having commenced practice to persons registered with the Department or the South African Medical and Dental Council, provided that each communication shall bear the name of the practitioner to whom it is addressed and shall be enclosed in an envelope.

(b) Communicating with bona fide patients to advise them of any change of address, dissolution of partnership and the like, provided that each communication shall bear the name of the patient to whom it is directed and shall be enclosed in an envelope.

(c) Publishing in the official telephone directory, in ordinary type, the chiropractor's name and profession and that of his partner, the address of his home and consulting rooms and one or more telephone numbers and special telephone numbers in case of no reply from the usual telephone numbers.

(d) Permitting the publication under his name and professional qualifications of articles in professional journals, scientific papers and books for use by the professions and by students.

(e) toelating van die publikasie, onder sy eie naam sonder vermelding van professionele kwalifikasies, van nie-professionele boeke en nie-professionele artikels in die lekepers.

Besigheidsadvertensies

5. 'n Chiropraktisyn mag nie -

(a) toelaat dat sy naam of die naam van sy professionele praktyk gebruik word in verband met advertensies vir uitrusting, instrumente, toestelle, verbandgoed, drankte, toilet- of voedingspreparate of enige ander dergelike produkte in die pers of elders nie;

(b) toelaat dat sy naam gebruik word as deel van die naam van 'n professionele praktyk uitgeoefen of bestuur deur enige maatskappy of 'n persoon wat nie 'n chiropraktisyn is nie;

(c) toelaat dat sy naam gepubliseer word in verband met advertensies of beroepe op die publiek ten behoeve van siektebystandsverenigings of dergelike handelsorganisasies nie.

Werwing en lok van pasiënte

6. Chiropraktisyn mag nie persoonlik of deur bemiddeling van agente of op enige ander manier pasiënte werf of lok nie.

Gelde kommissie en vennootskappe

7. 'n Chiropraktisyn mag nie -

(a) 'n kommissie of beloning, geldelik of andersins, aanneem -

(i) van vervaardigers van of handelaars in uitrusting, instrumente, toestelle en materiale nie; of

(ii) van enige persoon as vergoeding vir die aanbeveling van dienste of ware aan pasiënte nie;

(b) 'n kommissie of beloning, geldelik of andersins, betaal of enige geskenk van enige persoon ontvang vir die aanbeveling van pasiënte nie;

(c) gelde deel met enige persoon wat nie eweredig deelgeneem het aan die dienste waarvoor die gelde gevorder word nie (digotomie).

Verberging

8. 'n Chiropraktisyn mag nie -

(a) enige persoon wie se naam nie op die lys verskyn nie, in diens neem as 'n assistent of locum tenens of in vennootskap met enige sodanige persoon tree nie;

(e) Permitting the publication, under his name but without an indication of professional qualifications, of non-professional books and non-professional articles in the lay press.

Business advertisements

5. A chiropractor shall not -

(a) permit his name or the name of his professional practice to be used in connection with advertisements for equipment, instruments, appliances, dressings, beverages, toilet or dietary preparations or any other similar products, in the press or anywhere else;

(b) permit his name to be used as part of the title of a professional practice carried on or managed by any company or by a person who is not a chiropractor;

(c) permit the publication of his name in connection with advertisements or appeals to the public on behalf of sick benefit societies or similar commercial organisations.

Canvassing and touting

6. A chiropractor shall not canvass or tout for patients, either personally or through agents or in any other manner.

Fees, commissions and partnerships

7. A chiropractor shall not -

(a) accept a commission or reward, monetary or otherwise -

(i) from makers of or dealers in equipment, instruments, appliances and materials; or

(ii) from any person in return for recommending services or wares to patients;

(b) pay a commission or reward, monetary or otherwise, to or receive any gift from any person, for recommending patients;

(c) share fees (dichotomy) with any person who has not taken a commensurate part in the services for which the fees are charged.

Covering

8. A chiropractor shall not -

(a) employ as an assistant or locum tenens any person whose name does not appear on the list or enter into partnership with any such person;

(b) enige persoon wie se naam nie op die lys verskyn nie of wat nie by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad of die Departement geregistreer is nie, raadpleeg of in kollusie of in samewerking met hom optree nie of op enige manier enige sodanige persoon help of ondersteun in onwettige praktyk nie, behalwe as dit 'n noodgeval is.

Let Wel. — Waar 'n chiropraktisyn in 'n noodgeval ontbied word om enige van bogenoemde persone professioneel by te staan, moet hy die voorval onmiddellik aan die Raad van die Vereniging rapporteer.

Assosiasie met liefdadigheidsinrigtings

9. 'n Chiropraktisyn mag nie willens en wetens professioneel op enige wyse geassosieer wees met 'n inrigting wat valslik voorgee 'n liefdadigheidsinrigting te wees nie.

Finansiële belang in klubs en ander genootskappe

10. 'n Chiropraktisyn mag nie 'n geldelike belang hê, hetsy in die vorm van 'n vaste salaris of andersins, by siektebystandsklubs of -verenigings wat in die pers of by wyse van omse-ndbriewe of kaartjies of op enige ander wyse adverteer om lede of pasiënte te verkry nie.

Tender

11. 'n Chiropraktisyn mag nie vir voltydse, deelydse of enige ander soort aanstelling tender nie.

Supersessie

12. 'n Chiropraktisyn mag nie die plek neem van enige ander chiropraktisyn wat beheer het oor 'n geval oor wie hy saam met of ten behoeve van sodanige chiropraktisyn gegaan het nie, uitgesonderd met die toestemming van sodanige chiropraktisyn, tensy sodanige toestemming onredelik geweier word of geen ander hulp deur 'n chiropraktisyn beskikbaar is nie: Met dien verstande dat niks hierin vervat 'n chiropraktisyn belet om 'n pasiënt wat op sy eie besluit om sodanige chiropraktisyn uitsluitlik te raadpleeg, vir ondersoek of behandeling aan te neem nie, nie-teenstaande die feit dat hy vantevore behandel is deur die chiropraktisyn wat hom verwys het.

Professionele reputasie van persone op die gesondheidsgebied

13. 'n Chiropraktisyn mag nie ongunstige toespelings, mondeling of by insinuasie, maak op die eerlikheid, professionele reputasie of bekwaamheid van 'n chiropraktisyn, of 'n persoon

(b) except in an emergency, consult or act in collusion or in collaboration with any person whose name does not appear on the list, or who is not registered with the South African Medical and Dental Council or the Department or in any way assist or support any such person in illegitimate practice.

Note. — Where a chiropractor is called in an emergency to aid any of the above-mentioned persons professionally, he must immediately report the case to the Council of the Association.

Association with charitable institutions

9. A chiropractor shall not knowingly be associated professionally in any manner with an institution which falsely purports to be a charitable institution.

Financial interest in clubs and other associations

10. A chiropractor shall not have a financial interest, whether in the form of a fixed salary or otherwise, in sick benefit clubs or associations which advertise for members or patients in the press, or by circular or card, or in any other way.

Tendering

11. A chiropractor shall not tender for a full-time, part-time or any other type of appointment.

Supersession

12. A chiropractor shall not supersede another chiropractor who is in charge of a case which he has seen in consultation with, or on behalf of such chiropractor, except with the consent of such chiropractor, unless such consent is unreasonably withheld or no other assistance by a chiropractor is available: Provided that nothing herein contained shall preclude a chiropractor from accepting for examination or treatment a patient who decides of his own accord to consult such chiropractor exclusively, notwithstanding that he had previously been treated by the referring chiropractor.

Professional reputation of persons in the field of health

13. A chiropractor shall not cast adverse reflection, by word or implication, upon the probity or professional reputation or competence of a

geregistreer by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad of die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging of die Departement nie.

Professionele geheimhouding

14. (1) 'n Chiropraktisyn mag geen inligting aangaande die aandoenings van 'n pasiënt wat nie bekend gemaak behoort te word nie, mondeling of skriftelik openbaar aan enigiemand anders as die pasiënt nie behalwe met die uitdruklike toestemming van die pasiënt, of in die geval van 'n minderjarige, met die toestemming van sy ouer of voog, of, in die geval van 'n pasiënt wat oorlede is, met die toestemming van sy naasbestaande of die eksekuteur van sy boedel.

(2) In 'n geregshof mag die inligting in subreël (1) genoem, alleenlik onder protes openbaar gemaak word en nadat die voorsittende regterlike beampte gelas het dat dit openbaar gemaak word.

Sertifikate

15. 'n Chiropraktisyn mag nie 'n sertifikaat in sy professionele hoedanigheid uitreik nie tensy hy uit eie waarneming daarvan oortuig is dat die feite daarin vermeld juis is.

Gebruik van onaanneemlike toestelle en tegnieke

16. 'n Chiropraktisyn mag nie in die uitoefening van sy praktyk gebruik maak van -

(a) enige soort behandeling, toestel of tegniese proses wat geheim is of waarvan beweer word dat dit geheim is nie;

(b) enige toestel wat by ondersoek nie in staat blyk te wees om te voldoen aan die aansprake wat ten opsigte daarvan gemaak is nie;

(c) enige tegniek, toestel of behandeling wat nie binne die gebied van die chiropraktyk aanvaar word nie.

Spreekkamers

17. (1) 'n Chiropraktisyn se spreekkamers mag nie 'n ingang hê deur, of 'n naamplaat hê by die ingang tot, 'n perseel wat gelisensieer is om bedwelmdede drank te verkoop, 'n apteek of 'n winkel vir gesondheidsvoedsel nie.

(2) 'n Chiropraktisyn mag nie 'n stel kamers as spreekkamers, wagkamers of vir enige ander professionele doel saam gebruik met persone wie se name nie by die Departement of die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige

chiropractor, or a person registered with the South African Medical and Dental Council or the South African Nursing Council or the Department.

Professional secrecy

14. (1) A chiropractor may not divulge, verbally or in writing, to any person other than the patient any information which should not be divulged regarding the ailments of a patient except with the express consent of the patient or, in the case of a minor, with the consent of his parent or guardian or, in the case of a deceased patient, with the consent of his next-of-kin or the executor of his estate.

(2) In a court of law information referred to in subrule (1) shall only be divulged under protest and after the presiding judicial officer has directed that such information should be so divulged.

Certificates

15. A chiropractor shall not issue a certificate in his professional capacity unless he is satisfied from personal observation that the facts are correctly stated therein.

Use of unacceptable apparatus and techniques

16. A chiropractor shall not make use, in the conduct of his practise, of -

(a) any form of treatment, apparatus or technical process which is secret or is claimed to be secret;

(b) any apparatus which proves upon investigation to be incapable of fulfilling the claims made in regard to it;

(c) any technique, apparatus or procedure not accepted within the chiropractic field.

Consulting rooms

17. (1) The consulting rooms of a chiropractor shall not have an entrance through or a nameplate at the entrance of premises licensed to sell intoxicating liquor, a pharmacy or health food shop.

(2) A chiropractor shall not share a suite of rooms for consulting, waiting or any other professional purpose with persons whose names are not registered or entered with the Department or the South African Medical and Dental Council,

Raad geregistreer of ingeskryf is nie, tensy sodanige samegebruik skriftelik deur die Raad van die Vereniging gemagtig is.

(3) 'n Chiropraktisyn mag nie in verband met sy spreekkamers die uitdrukking "hospitaal", "kliniek" of enige soortgelyke naam gebruik, wat die publiek kan laat glo dat die spreekkamers deel uitmaak van 'n hospitaal, verpleeginrigting of ander soortgelyke inrigting, of eienskappe besit wat verskil van dié van gewone spreekkamers nie, of vanuit sy spreekkamers of enige aangrensende kamer of kamers of enige kamer of kamers op dieselfde verdieping medikamente, medisyne, gesondheidsvoedsel of toestelle wat gewoonlik vir wins in 'n apteek, 'n winkel van 'n algemene handelaar, 'n winkel vir gesondheidsvoedsel of in enige ander winkel verkoop word, verkoop of van die hand sit nie.

Radiologiepraktyk

18. 'n Chiropraktisyn mag nie 'n X-straalfoto neem vir 'n ander persoon as sy pasiënt of medechiropraktisyn of 'n geregistreerde geneesheer of 'n persoon wat by die Departement geregistreer is nie.

Pligsversuim teenoor die Raad van die Vereniging

19. 'n Chiropraktisyn moet hom weerhou van enige opsetlike handeling of versuim wat verhinder of wat daarop bereken is om te verhinder dat die Raad van die Vereniging sy wetlike pligte uitvoer.

Uitbuiting

20. 'n Chiropraktisyn mag nie toelaat dat hy op so 'n manier uitgebuit word dat dit tot die nadeel van die publiek of professionele belang strek nie.

Rondreispraktyk

21. (1) 'n Chiropraktisyn mag nie 'n gereelde rondreispraktyk op 'n plek waar 'n ander praktisyn gevestig is, uitoefen nie, tensy hy in sy praktyk 'n volle en bevredigende diens aan sy pasiënte lewer, soortgelyk aan en teen dieselfde koste as die diens wat hy sou lewer in die gebied waarin hy woonagtig is.

(2) 'n Chiropraktisyn moet op die volgende wyse van sy voorgenome professionele besoek aan enige plek kennis gee:

(a) Per brief, in 'n verseëelde koevert, geadresseer aan 'n bona fide-pasiënt. Kaarte wat die reisplan aandui, mag nie gebruik word nie. (Vir die doel van hierdie paragraaf beteken "bona fide-

unless such sharing is authorised in writing by the Council of the Association.

(3) A chiropractor shall not use in connection with his consulting rooms the terms "hospital", "clinic" or any other similar term which might lead the public to believe that the consulting rooms are part of a hospital, nursing home or other similar institution or have features differing from those of ordinary consulting rooms, and shall not sell or dispose of from his consulting rooms or any adjoining room or rooms or any room or rooms on the same floor medications, drugs, health foods or appliances normally sold for profit in a pharmacy, general dealer's store, health food shop or any other shop.

Practice of radiology

18. A chiropractor may not take a sciagram for a person other than his patient or fellow chiropractor or registered medical practitioner or person registered with the Department.

Breach of duty towards the Council of the Association

19. A chiropractor shall refrain from any wilfull act or omission which prevents or is calculated to prevent the Council of the Association from carrying out its lawful duties.

Exploitation

20. A chiropractor shall not permit himself to be exploited in a manner detrimental to the public or professional interest.

Itinerant practice

21. (1) A chiropractor may not carry on a regular itinerant practice at a place where another practitioner is established, unless he renders in his practice a full and satisfactory service to his patients similar to and at the same cost as the service he would render in the area in which he is resident.

(2) A chiropractor shall notify his intention to visit any place in his professional capacity in the following manner:

(a) By letter, enclosed in a sealed envelope, addressed to a bona fide patient. Itinerary cards shall not be used. (For the purposes of this paragraph, "bona fide patient" means a patient who has been

pasiënt" 'n pasiënt wat deur die betrokke chiropraktisyn behandel is gedurende die 12 maande wat die maand waarin die kennisgewing uitgestuur word, onmiddellik voorafgaan); en/of

(b) deur die aanbring van 'n naamplaat, met sy naam en spreekure daarop, by sy spreekkamer in daardie dorp.

(3) Waar 'n dorp waarin daar 'n inwonende chiropraktisyn is, besoek word, moet sodanige besoeke afgelê word -

(i) minstens een keer per maand;

(ii) in kamers vir dié doel gehou, waaraan 'n naamplaat aangebring is waarop die dae en ure van besoek aangegee word.

Beperkings ten opsigte van die bestek van praktyk

22. (1) Professionele handeling ten opsigte van die volgende toestande, wat buite die omvang van die chiropraktyk val, mag nie deur 'n chiropraktisyn verrig word nie:

- (a) Aansteeklike en oordraagbare siektes;
- (b) septiese foci soos absesse;
- (c) alle soorte gewasse, hetsy benigne of maligne;
- (d) besmetting deur parasiete;
- (e) alle toestande te wyte aan toksiese aanwendings of innames;
- (f) trauma, frakture, of beskadiging of vernietiging van sagte weefsel wat chirurgiese herstel nodig het;
- (g) geestesversteurings;
- (h) verloskunde en ginekologie;
- (i) enige toestand wat inwendige ondersoek nodig maak: Met dien verstande dat die uitvoering deur 'n chiropraktisyn van die volgende inwendige ondersoeke as professionele gedrag beskou word:

(i) Ondersoek van die stuitjie deur die rektum;

(ii) enige visuele ondersoek met die blote oog of met die gebruik van 'n oftalmoskoop, of otoskoop, met inbegrip van ondersoek van die mond, oor, neus en keel;

(j) behandeling met medisyne, chirurgie, of X-strale, radium of isotope.

(2) 'n Chiropraktisyn mag nie 'n binnearse bloedmonster van iemand neem of laat neem nie.

treated by the chiropractor concerned during the 12 months immediately preceding the month in which the notification is despatched.)

(b) By affixing a nameplate bearing his name and hours of attendance at his consulting room in that town.

(3) Where a town is visited in which there is a resident chiropractor, such visits shall be made -

(i) at least once a month;

(ii) at rooms maintained for the purpose, to which shall be affixed a nameplate on which are set out the days and hours of attendance.

Limitations as to the scope of practice

22. (1) Professional acts in relation to the following conditions, which shall be outside the ambit of chiropractic practice, shall not be performed by a chiropractor:

- (a) Infectious and contagious diseases;
- (b) septic foci such as abscesses;
- (c) neoplasms of all kinds, whether benign or malignant;
- (d) parasitic infestations;
- (e) all conditions due to toxic application or ingestion;
- (f) trauma, fractures, or soft tissue damage or destruction requiring surgical repair;
- (g) mental derangements;
- (h) obstetrics and gynaecology;
- (i) any condition in respect of which an internal examination is indicated: Provided that it shall be regarded as professional conduct for a chiropractor to carry out the following internal examinations:

(i) Examination of the coccyx through the rectum;

(ii) any visual examination with the naked eye or by means of an ophthalmoscope, or otoscope, including examination of the mouth, ear, nose and throat;

(j) treatment by means of medicines, surgery, or X-rays, radium or isotopes.

(2) A Chiropractor shall not withdraw an intravenous blood sample or have such sample withdrawn from any person.

Nagraadse opleiding

23. Elke chiropraktisyn moet elke twee jaar minstens 12 uur bestee aan die persoonlike bywoning van nagraadse lesings oor chiropraktyk en/of soortgelyke of verwante aangeleenthede wat deur die Raad van die Vereniging by simposia of seminare tydens die jaarlikse vergadering van die Vereniging gereël en daargestel is, of by ander simposia of seminare deur die Raad van die Vereniging gereël of goedgekeur.

Administrasie

24. (1) Elke chiropraktisyn moet binne 30 dae na adresverandering die aangewese beampte en die Vereniging van sodanige adresverandering in kennis stel.

(2) Elke chiropraktisyn moet voor 31 Januarie van elke jaar 'n bedrag van R40 aan die Vereniging betaal. Die Uitvoerende Raad van die Vereniging kan na goedgekeurde, ná ontvangs van 'n volledige gemotiveerde versoek daarom, vrystelling of uitstel van die betaling van sodanige bedrag verleen, of 'n vermindering van sodanige bedrag toestaan. Sodanige versoek moet die Uitvoerende Raad minstens 30 dae voor die bedoelde betaaldatum bereik, waarna die Uitvoerende Raad die aansoeker skriftelik verwittig van sy besluit en, indien sodanige vrystelling of uitstel verleen of sodanige vermindering toegestaan word, van die voorwaardes wat daarop van toepassing is.

Inwerkingtreeding

25. Die bepalinge van hierdie reëls tree in werking, drie maande na die datum van afkondiging daarvan in die *Offisiële Koerant*.

Post-graduate education

23. Every chiropractor shall complete, at least every two years, a minimum of 12 hours of personal attendance at post-graduate lectures on chiropractic and/or allied or related subject organised by the Council of the Association at symposia or seminars provided at the annual convention of the Association or at other symposia or seminars organised or approved by the Council of the Association.

Administration

24. (1) Every chiropractor shall notify the designated officer and the Association of any change of professional address within 30 days of such change.

(2) Every chiropractor shall before 31 January of each year pay an amount of R40 to the Association. The Executive Council of the Association may in its discretion, upon receipt of a fully motivated request therefor, grant exemption from or postponement of payment or a reduction of such fee. Such request shall reach the Executive Council at least 30 days before the due date, whereupon the Executive Council shall inform the applicant in writing of its decision and, if such exemption, postponement or reduction is granted, or the conditions which apply thereto.

Commencement

25. The provisions of these rules shall come into operation, three months after the date of promulgation thereof in the *Official Gazette*.